Ewige Lewe En Hoe Om Dit Te Ontvang

. . . hier vanaand, om hierdie getuienisse te hoor, en die verskillende uitdrukkings van dankbaarheid teenoor God, vir wat Hy vir hulle was gedurende hierdie afgelope jaar. En ek wil my getuienis byvoeg by hulle. Het gedink, die susters daaragter wat getuig het van "brood op die water." En daarna Broer Slaughter. En Broer Graham, wat gepraat het oor "wanneer die wiele van die sterflike lewe almal stil gaan staan." Miskien misverstaan hier, maar Daar, voor die Troon, weet God alles van alle dinge.

2 So ons is net hier vanaand om soort van te . . . Ek glo nie aan 'n nuwe blaadjie omslaan, of so-iets nie, ek . . . dat jy dit net weer terugblaai die volgende dag nie. Maar as ons net sal kom en onsself aan God sal gee, vir aanbidding, en Hom bedank vir wat ons . . . Hy vir ons was, en Hom vra om voort te gaan om met ons te wees, is net omtrent die beste.

3 Net 'n bietjie moeg vanaand. Ek het 'n paar mense gehad gisteraand, besoekers, en ek, wel, ek—ek het 'n bietjie laat opgebly. En vandag was ons, omtrent die hele dag uit gewees, en so ek voel net, net 'n bietjie moeg. En ek sal nie baie lank hierbo bly nie.

4 Maar ek wil dan die preekstoel oorgee aan Broer Funk, en hy's ons spreker. En dan gaan Broer Wood, dink ek, op hom volg. En dan, so dan, as hulle almal net sal bly. Hy het gesê, vandag, ek sal dit nie hier sê nie. Maar, julle sien, ek het so pas. So ek het Broer Funk daaragter sien sit, sy kop geskud. Dis 'n klein grappie oor hom, broers. En, maar, dit—dis reg, hulle het beslis die voorreg om nou net hierna te volg, binne—binne 'n paar minute.

5 En so het ons baie sprekers hier vanaand, julle weet. So ons het drie ure oor, en so ons sal net so vinnig probeer maak as wat ons kan. Partykeer . . .

6 Net hierdie klein dingetjie wat ek wil sê op hierdie tyd, is van suster se getuienis daar. Suster Leopard, glo ek, is die naam.

7 Ek het soort van 'n nuwe reël hier gemaak, soos julle weet, 'n paar weke gelede, of, oor mense wat die kantoor skakel. En dan—en dan sal Broer Cox en hulle vir my die saak herhaal, wat dit ook al is. En my net laat gaan soos ek gelei voel om te gaan. En, o, goeiste, dis die manier om dit te doen.

8 Nou die oggend, het ek . . . oorgekyk, en verskillende oproepe. Daar was Suster Lake, en haar seun was in ’n ongeluk. Ek dink Broer Cox het vir my gesê dit was dit . . . Broer Cox. En hulle het die milt verwyder, en op sterwe gelê. En ’n ander broer saam met wie ek pas in die berge was, hierdie jaar op ’n tog, en hy lê daar, bloeding in die maag, miskien kanker. En in Kalifornië, o, net oral, van verskillende mense wat siek was. En ek was uit in gebed.

9 En ek het ingekom, en ek . . . My vrou het vir my gesê dat Broer Slaughter gebel het, iets oor ’n klein . . . of, Suster Slaughter, een, oor die klein meisietjie wat hier was die ander Sondag. Ek het net ingeloop en gaan sit.

10 Ek het gedink: “Wel, Dierbare God, ek het al hierdie,” en ek het vir hulle almal gebid. “En—en wat wil U hê moet ek doen?”

En ek het iets bly hoor van “’n klein babatjie.”

11 Wel, ek het teruggegaan om te kyk, sien wat ons gehad het van ’n klein babatjie. En ek—ek het gebel onder na Suster Cox, om enigiets uit te vind van ’n klein babatjie. Niemand het blykbaar enigiets van ’n baba geweet nie. Dit was nie ’n visioen nie. Maar net ’n pols in die Gees, om ’n klein babatjie te kry, van “’n klein babatjie,” siek. Wel, die enigste ding wat ek kon vind, naby, was daardie baba waarvan hulle gepraat het, van onder in Kentucky. Wel, dit het nie gelyk asof, toe hulle dit genoem het, dit net nie reg geregistreer het, op ’n manier nie. En ek was . . . gedink, miskien, miskien sou ’n visioen kom net binnekort. Maar dit was nie, was toe nie ’n visioen nie. En ek het bly wonder.

12 Ek het teruggegaan in my kamer, alleen, om te bid. En ek het gedink: “Waar, oor daardie baba, nou? Is daar êrens wat ek kan dink aan ’n baba?”

13 En verlede Sondag, of Sondag ’n week gelede, of so-iets, het ek daaragter gesit. En ’n klein dogtertjie het in my oor kom fluister, agter my, gesê: “Bid vir my sussie, babasussie.” En dit was die klein Leopard dogtertjie. Sy mag hier wees vanaand; ek weet nie. Sy’s ’n klein ou dingetjie, baie oulike, klein dogtertjie.

14 En ek het net omgedraai. Ek het gesê: “Goed, skat,” soos daardie. En so het ek net soort van my kop laat sak en begin bid vir die baba. En net aangegaan, daarvan vergeet.

15 En net sodra dit opgekom het in my gedagte, het iets gebeur, en ek het toe geweet dat dit God was.

16 So toe het ek vir Meda gaan vra waar—waar hulle woon. En sy het nie presies geweet nie, so ons het in die telefoonboek gekyk en hulle nommer gekry. En—en ek het gesê: “Iets . . . En hulle het ’n siek baba, glo ek. Of, ’n week gelede, of iets, ’n week of tien dae gelede, het hulle ’n siek baba gehad.” So ek het gesê: “Daar is iets daaromtrent. Hou jy nou dop.”

17 En ek het soontoe gebel en niemand het geantwoord nie. Wel, toe het ek Mev. Cox teruggebel, en die—die dame hier gekry, haar ma. En—en so ek het haar ma gebel, en sy het gesê: "Wel . . . " Ek het vir haar vertel wat dit was.

18 En sy mag hier wees vanaand. Ek's jammer, ek herken nie die vrou nie. Ek—ek mag haar ken as ek haar gesig sien.

19 Maar sy het my vertel dat die baba in die hospitaal was, baie sleg, en het dit 'n bloedoortapping gegee op daardie tyd. Wel, ek het gesê: "Suster, ek weet nie. Ek kan nou nie sê dis 'n visioen nie, want dit is nie, maar net iets waarvan ek nie kan wegkom nie. Dit druk net op my vir—vir daardie baba. Ek kan net, lyk asof, net daardie baba voor my." So ek het aangegaan.

20 En ek het gesê: "Ek sal nie nou gaan nie, want ek weet dit sal 'n hele tyd vat om dit die oortapping te gee." En hulle gee dit deur die kop hier, dink ek, so hulle . . . Ek weet dis baie pynlik en erg. So ek het net gewag, ingegaan en vir die baba gebid. En ek het gereedgemaak. Ek het gedink: "Hierdie is die plek waarheen die Here my lei."

21 En ek het gehaas na die hospitaal, en—en gevra om die baba te sien. En hulle het my gestuur na waar die baba was. En in die kamer, het ek die ma ontmoet, wat nou teenwoordig sit. En sy het vir my gesê haar ma het haar 'n uur tevore in die hande gekry, of so-iets, en haar vertel dat wat die Here op my gedruk het, om na daardie baba toe te gaan. En toe sy teruggekom het by die bed; het die baba daar gelê, en skop, aan die koer en lag.

22 So ek het ingegaan, en die outjie het net geskop en gelag, sy botteltjie gedrink, en alles, net so normaal soos enige kind wat jy al ooit in jou lewe gesien het. En ek het net my hande oorkant op die ou kleintjie gelê, nou, sien, en dit geseën, en uit die gebou uitgestap.

23 En ek het net die ma hoor sê, 'n paar oomblikke gelede, hulle het dit al klaar huistoe gevat. So dit—dit was gister, wat dit gebeur het, en vandag is die baba gesond by die huis. So ons is . . . Dit was . . .

24 Dit is beter as wat ek 'n honderd besoeke gebring het, in myself. Om stil te wees voor die Here, sodat Hy vir jou kan sê presies waarnatoe om te gaan, en elke keer is dit volmaak. Sien? Dis—dis die Here wat lei.

25 Nou sê iemand: "Wel, gaan jy *hiernatoe*, Broer Branham. Gaan jy *soontoe*." Jy—jy raak in so 'n verwarring, na *hierdie* een, en *daardie* een, *daardie* een, jy . . . God kan nie met jou praat nie.

26 As jy net gaan sit, sê: "Dank U." Dit voor die Here lê. Sê: "Nou, Here, wat wil U hê moet ek hieraan doen? Nou, U weet ek is U dienskneg, en wat U . . . "

27 Maar, sien, die Here, wat geweet het dat ek daarnatoe sou gaan sodra Hy met my hart gepraat het, Hy het die baba genees

nog voordat ek selfs daar gekom het. Dis reg. Sien? So, sien? Ja, meneer. Sien, dit was nie ek wat soontoe gegaan het nie.

Nou sê jy: "Wat was dit, Broer Branham?"

28 Sien, ons het gawes in die Liggaam van Christus. En die Heilige Gees Self, in die wete wat daardie was, die voorspraak daar, die Heilige Gees het op my gedruk vir daardie baba. En sodra ek gebid het vir die baba, selfs by die huis. En na die baba toe gegaan, omdat dit was om te vervul wat Hy gesê het. Die Heilige Gees wat voorspraak gemaak het daar, oor dinge wat ons nie eens kan verstaan nie. Sien? Is Hy nie wonderlik nie?

29 Ek sê vir julle, vriende, vanaand het ek soveel om voor dankbaar te wees! Ek—ek weet net nie hoe om te begin nie, en ek sal nie eers probeer nie. Ek het . . . Ek weet nie.

30 Ek gaan net 'n paar Woorde hier in die Skrif lees, en oor hulle praat vir 'n paar minute, as die Here wil.

31 Maar, eers, wil ek my dankbaarheid uitspreek teenoor Jesus Christus, die Seun van God, wat my gered het en my gewas het in Sy Eie Bloed, en my hierdie groot en wonderlike hoop gegee het, dat ek Hom eendag, van aangesig tot aangesig sal sien. En ek sal nie daar staan in veroordeling nie, omdat Sy Bloed my alreeds verlos het. En ek is verlos, vanaand, deur die Bloed van die Here Jesus Christus. En die . . .

32 Wat Hy my gegee het, om medeburger te wees van dieselfde Koninkryk waarnatoe julle almal gaan, en ons is saam mede-erfgename saam met Hom in die Heerlikheid! Wat 'n wonderlike ding is dit!

33 En ek het gesit, gisteraand, en gepraat met 'n paar mense wat nou teenwoordig is. En vandag, ver onder in, onder Elizabeth, aan 'n broer se tafel, waar ons vandag ons middagete sit en eet het. En ons het gepraat van die fundamentele feite, of fundamentele Evangelie wat ons het, en wat 'n werklikheid sonder enige sweempie twyfel. Ons het geen ruimte, hoegenaamd, vir enige twyfel nie.

34 Hierdie tabernakel, en die mense, sy lidmate, en die mense van Jeffersonville en omstreke, sal by die Oordeel staan. As ons nie gered is nie, sal ons absoluut sonder 'n verskoning staan.

35 'n Tyd gelede, as 'n jong prediker, toe my eerste herlewing gekom het; ek het dit hier oorkant op die hoek gehad, waar hierdie behuisingsprojek is, in 'n tent. Ek het 'n groep onder by die rivier gedoop, daardie Sondagmiddag, toe die Engel van die Here Sy eerste verskyning in die openbaar gemaak het, in 'n bevestiging van die Boodskap wat ek sou preek. En Dit was 'n Lig wat afgekom het uit die Hemel en daar gestaan het. Mense is miskien in die tabernakel vanaand, wat gestaan en daardie Lig gesien het. En ek het uitgegaan, en dit begin vertel, ensovoorts. En julle almal weet hoe die storie lui; en aan en aan.

36 En mense sou partykeer wegstap, en sê: "Dis net verbeelding." Hulle sou 'n byeenkoms verlaat waar mense Dit sou sien, en wegstap, sê: "Ek het Dit gesien." Ander sê: "Wel, ek het Dit nie gesien nie."

Nou, natuurlik, God laat sien wie Hy wil laat sien.

37 Toe die wyse manne die sterre gevolg het, is daar nie een stukkie geskiedenis, of enige sterrewag, of enigiets . . . En hulle het selfs tyd gehou met die sterre. Maar niemand, behalwe die wyse manne, het daardie Ster gesien nie, sien, dis reg, want hulle het Daarna gesoek. En hulle het verwag om Dit te sien, en Dit het hulle na die Christus toe gelei. En, tog, het Dit oor elke sterrewag gegaan, en soos—soos die mense na die hemele gekyk het, om die tye te bepaal, ensovoorts. Maar niemand, behalwe die wyse manne, het Dit sien gaan nie, want dit was vir hulle bedoel om Dit te sien.

As God vir jou bedoel om iets te sien, sal jy Dit sien.

38 Elía, wat by Dotan gestaan het, daardie keer, en hy het rondgekyk. En die dienskneg het uitgekyk, en gesê: "O, kyk na . . . " Die Assiriërs het omsingel. Maar sy . . .

39 Elía het gesê: "Wel, daar is meer by ons as wat daar by hulle is." Hy het rondgekyk, hy kon niks sien behalwe Elía wat daar gestaan het nie. Hy het gesê hy . . .

40 "God," gesê: "maak hierdie jongman se oë oop, Here." En toe, met dieselfde oë, net sigbare oë, dat, toe hy sy oë oopgemaak het, het daar vuurwaens, en perde van vuur rondom daardie profeet gestaan. En, sien, hy . . . Dit was . . .

41 Dis iewers. En ons weet dat Sy Teenwoordigheid by Sy gelowige kinders is.

42 Ek het gepraat, ek het gesê . . . My vrou het in die kamer gesit, en ons het gepraat van daardie selfde Lig, waar Dit gekom en Sy foto laat neem het.

43 En deur net vanaand terug te verwys, na daardie fenomeen, ek glo ten minste een of twee mense, drie mense, reken ek, was daar, wat nou in die gebou is; wat David daaragter is, Broer Wood, en Suster Wood; was by Houston, Texas, toe die foto, toe God toegelaat het dat dit afgeneem is.

44 Nou, as jy vanaand gestaan het, en na daardie Engel gekyk het, wat sirkel! Daar is miskien baie van julle hierbinne, wat Dit nog nooit gesien het nie. Maar, sien, daardie Lig, 'n Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het! Wat in die tronkselle by Petrus ingekom het, en—en—en hom uit die tronk uit verlos het; hierdie selfde Engel van die Here. En hier is Dit, na al daardie honderde, ja, duisende jare, is nou nogsteeds hier by ons. Sien? En Dit het Sy foto laat neem, gestaan waar ek gestaan het. Nou, nee, nie vir my nie; maar vir die Kerk, vir die Liggaam van gelowiges. Sien, dis vir elkeen. Nou let op. As . . .

45 Ek—ek glo dat Dit werklik ’n Vuurkolom was wat die kinders van Israel gelei het. Glo julle dit nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Net ’n Vuurkolom.

46 En ek glo regtig dat daardie Lig in die tronk ingekom het, en—en—en waar Petrus was. Glo julle nie daardie getuienis nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Ek glo dit met my hele hart, net meer as wat ek glo dat my naam William Branham is. Ek—ek glo dit, sien. Ek glo daardie storie.

47 Maar, tog, ons het ’n meer, strenger fundamentele bewys daarvan as dit. Ons het. Ons het ’n meer, strenger fundamentele bewys. Nou, ek glo daardie met geloof.

48 En wat as die Engel van die Here nou hier gestaan het, gesirkel het, en elkeen van julle oë sou gevisualiseer geraak het om Dit te sien. Dit sou nogal goed gewees het. Maar om te kyk na die foto Daarvan, is ’n baie beter bewys as wat as jy Daarna gekyk het met jou oë. Sien? Is dit nie reg nie? Want, jy kan ’n optiese illusie hê. Maar daardie mega- . . . Daardie kamera sal nie ’n optiese illusie afneem nie. Dit sal dit nie doen nie, want dis—dis ’n kamera. En dit sal die werklike foto neem. Dit moet daar wees, om die lens te tref. Sien?

49 Jy kan optiese illusies hê, en goed wat lyk asof dit is, wanneer dit nie is nie. Sien? Maar wanneer die foto wat . . .

50 En dit kan sielkunde wees. Jy kan sê: “Sien jy dit daar?” En jy hou net aan sê: “Ja, ek glo dit.” En dit so glo, dat jy regtig dink jy sien dit, wanneer jy dit nie sien nie. Sien? Dis reg. Maar, dis sielkunde. Maar, jy, as jy net so gedruk word daarna in jou gedagte, tot jy—jy jou dit net verbeel, dit jou soveel verbeel, dat dit ’n werklikheid word.

51 Jy verbeel jou net iemand haat jou, eenmaal. En hulle haat jou nie, maar jy verbeel jou hulle doen dit. En jy hou net aan dink: “Hulle hou nie van my nie.” En die eerste ding, sal jy daardie persoon begin vermy, wanneer hulle niks aan jou gedoen het nie. En naderhand, word dit so ’n werklikheid vir jou, totdat jy regtig glo dat daardie persoon nie van jou hou nie. En jy mag hulle uitskel, of iets vir jou sê. Byvoorbeeld, jou vrou, of jou man, of ’n buurman, of so-iets soos daardie, wanneer, die persoon absoluut onskuldig is van enige verkeerde ding. Dis omdat jy jou verbeel dis so, maar, totdat dit ’n werklikheid word vir jou. Sien nou wat ek bedoel?

52 Maar, eintlik, wanneer ’n foto geneem word, moet dit daar wees.

53 So, vanaand, het ons deurgegaan, soos Broer Graham ’n tyd gelede gesê het, die vele hoogte- en laagtepunte van die kerk, ensovoorts. Ons is deur baie gevare, swaarkry en strikke; wat as anders geklassifiseerd is, gesê is ons is “onverskillig,” en “holy-rollers,” en allerhande name, ensovoorts, soos daardie.

54 Maar, tog, te midde van dit alles, as hierdie tabernakel afgebrand sou word, vanaand, en ek sou sterf, en die res van julle ook vanaand sou gaan, is ons getuienis absoluut die Waarheid. Daar is miljoene mense wat Daarvan geweet het. En die wetenskaplike waarheid bewys; nie net ons woord, wat ons gesê het vóór die Lig, voor die Engel ooit Sy foto laat neem het nie. Dit is getuig, van 'n kind af, dat daardie Lig gekom het. Jare, baie van julle wat hier gesit het, het my daarvan hoor praat, jare en jare, en alles daarvan geweet, jare en jare voor die foto ooit geneem is. En toe die wetenskaplike wêreld die foto Daarvan gekry het, was Dit presies dieselfde ding waarvan ons getuig het. So dit wys dat jy die Waarheid vertel. Dis absoluut die Waarheid.

55 So, vanaand, is ek so dankbaar om te weet dat die groot Jehova God, wat eenmaal gebulder het van die Berg Sinai af, wat eenmaal op die berg gestaan het en die saligsprekinge geleer het, en uit die dood uit opgestaan het, in ons midde is vanaand, en dieselfde is. Soos Hy toe was, is Hy vandag, en sal tot in ewigheid wees.

56 En om te dink dat Hy, die God van die Hemel, Homself sal verneder, om af te kom en met iemand soos ek en ons hier te assosieer, arm mense, nie veel van hierdie wêreld se goed nie. En net ongeletterd, ek is, en tog het Hy my so liefgehad, dat Hy afgekom het en my gered het deur Sy genade. Niks wat ek verdien het nie, of, sou nooit kon nie, maar Hy het my gered. Want, voor die grondlegging van die wêreld was, het Hy my voorbestem om gered te word, in Sy eie voorkennis, voor die wêreld begin het. En elke ander mens wat gered is, Hy het dieselfde ding vir hulle gedoen. O, wat 'n wonderlike ding! Wat 'n wonderlike geleentheid is dit!

57 En my hele hartsbegeerte is, vir hierdie jaar, as God my gebed sal hoor . . .

58 Ek mag dalk nie nou in staat wees om te bly tot op middernag nie. Ek het twee dogtertjies daaragter, wat vaak raak, en begin huil en skree. Ek sal hulle dalk eers moet uitneem.

59 En ek wil dit sê, as ek nie 'n kans kry om weer op te kom en getuig nie, dat ek—ek het . . . wil elkeen van julle bedank vir julle gebed wat julle vir my gebid het hierdie jaar. As julle my ooit teleurstel, is ek gedaan. Dis net soos wat julle my regop hou, in gebed, dis hoe ek in die geveg ingaan.

60 En ek—ek het julle lief, soos die broer 'n rukkie gelede gesê het, met my hele hart. Ek kom nie hier soos wat ek moet nie. Ek sien nie die mense en preek by die huis, soos wat ek—ek wil, soos wat my hart is nie. Maar ek is net 'n mens, en ek—ek's baie beperk tot sekere ure en sekere kragte, ensovoorts.

61 En nou, maar met God se hulp, as Hy my sal help, wil ek hê hierdie jaar moet die grootste jaar wees wat ek ooit in my lewe gehad het. Ek het nou, deur God se genade, meer as 'n

halfmiljoen siele vir Christus gewen. En ek hoop, in hierdie jaar, om dit in die volle miljoen te maak, as God wil. Want, as God wil, wil ek weer onder deur die—die vreemde lande begin gaan, net sodra ons finansieel, ensovoorts, in staat is om dit te doen. En in die ander lande ingaan daar oorkant, waar ons soveel duisende wen op een slag.

62 En ek weet dat die dag naby is. Die ure is al laat. Skemer daal, vriende. En ek wil alles doen wat ek kan, want hierdie is die enigste tyd wat ek en jy ooit sterflik sal wees. Hierdie is die enigste tyd wat ons ooit die voorreg sal hê, in alle Ewigheid, om iemand te wen vir Christus. Laat ons dit doen. Alles wat ons kan doen. Laat ons elke uur insit, wat ons moontlik kan, tot Sy Eer. Dis my voorneme vir hierdie komende jaar. En met God se hulp, julle gebede, sal ek dit maak. So, bid nou vir my.

63 En laat ons nou ons hoof buig net ’n oomblik, vir die oopmaak van die Woord.

64 Vader, hierdie is U Ewige Woord wat hier voor my lê. “Niemand in die Hemel of op aarde was waardig om die Boek te neem, die Seëls los te maak, of daarna te kyk, behalwe die Lam wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld nie.” Nou roep ons Hom. En as ons genade in U oë gevind het, bid ons, O Lam van God, dat U hierdie paar minute nou sal neem, soos ons die blaaie van U Woord omblaai, en Dit sal oopmaak vir ons harte. Want ons vra dit in Jesus’ Naam. Amen.

65 Nou, ek sou studeer, net ’n klein rukkie vanmiddag, oor ’n paar dinge om oor te praat, vir vanaand, maar ek het nie betyds ingekom om dit te doen nie. So my vrou het afgekom saam met Billy, en ek—ek moes net ingaan en net—net blaai deur die Bybel.

66 En ek het gedink: “Wel, ek sal oor daardie, Melgisédek, gaan.” En ek het gedink: “O, goeiste! As ek daarop gekom het, sal die ander, broers, nie tyd hê om te praat nie.” En so, daaroor, ek hou dit terug vir oor ’n paar dae, as die Here wil, so wanneer ons baie tyd het, nou.

67 En toe het ek die 10de hoofstuk van die Handelinge gevind, gepraat het van die vroeë Kerk. As enigiemand wil, en ’n Bybel het, wat wil blaai na Handelinge, die 10de hoofstuk, vir net ’n klein aansporing vir ’n paar minute.

68 En terwyl julle blaai, sal ek ’n klein voorskou gee van die agtergrond. Verlede Sondag, ’n week gelede, glo ek nou, of verlede Sondag was dit, ’n week gelede, wat ons die Boek van Handelinge bestudeer het, oor die vroeë Kerk. Ons was in Handelinge 2, dink ek. Waar, toe hulle laat gaan is, en gegaan het na hulle. . . Hoe dit is. . . Petrus vir hulle gesê het, oor hoe hulle moet “bekeer en gedoop moet word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en die Heilige Gees moet ontvang.”

69 Nou wil ek graag 'n klein verklaring maak. Is alles reg, vanaand, van die platvorm af? [Broer Neville sê: "Amen."—Red.]

70 Kyk, sien, almal het altyd gesê: "Broer Bill, niemand verstaan jou nie." Wel, ek is miskien net 'n klein bietjie vreemd, maar, julle weet, maar ek—ek bedoel nie om te wees nie. Maar ek het idees oor dinge, en my oortuigings. Nou, ek is deeglik . . .

71 Ek is deeglik oortuig dat baie dinge, wat—wat in die Skrif is, wat apostolies is, wat ons nie uitvoer, vandag nie.

72 En, byvoorbeeld, een ding, baie mense het gesê: "Hoe, wanneer jy buite in daardie evangelistiese byeenkomste is, hoe kry jy dertigduisend mense by die altaar om gered te word?" Hulle hóéf nie na die altaar toe te kom, om gered te word nie. Die enigste ding wat hulle moet doen, is om te glo aan die Here Jesus Christus. Dit reg?

73 Ek wil julle net iets vra, en dink julle daaraan, dan sal ek julle briewe hierdie volgende week kry. Sien? Kan . . .

74 Ek kan nie 'n Katoliek wees nie. Maar, die Katoliek glo hierdie Woord is geïnspireer, maar: "Die kerk is oor die Woord." Ek kan nie 'n Protestant wees nie. Want, die Protestante vat net soveel as wat hulle dink Dit reg is, en: "Die res Daarvan is nie geïnspireerd nie."

75 So, ek glo wat die Bybel sê, is die Waarheid. Ek glo dat Dit God se Woord is. Om Dit te kan glo, moet ek my hele lewe en my hele wil Daaraan onderwerp, om te glo dat Daardie die Waarheid is, dat daar niks Waarheid is behalwe Dit nie. Daar is niks wat Daarby gevoeg moet word, of Daaruit weggeneem moet word nie. Dis net hoe Dit veronderstel is om te wees. "En enigiemand wat sal wegneem uit daardie Boek, of byvoeg Daarby, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe," het God gesê, in Openbaring. "Wie ook al wegneem, of byvoeg Hierby!" Dit is God se volledige wil, en openbaring van Jesus Christus, aan die mense. Dis reg. Nou, om dit te kan doen, moet ek glo dat God se Woord absoluut die Waarheid is.

76 En in Handelinge 2:38, toe Petrus gesê het: "Bekeer, elkeen van julle!"

77 Hulle het gesê: "Manne en broeders, wat kan ons doen?" eerste. Hulle wou gered word.

78 Nou kyk. Hy praat daar met ongelowiges. Nou kyk wat hy gesê het. Hy het gesê: "Bekeer, elkeen van julle!" Nou wat beteken *bekeer*? *Bekeer* beteken "om jammer te wees vir wat jy gedoen het."

79 Byvoorbeeld, wat as ek reg omgedraai het hier en my broer geslaan het, sonder 'n rede. En ek wil bely daaroor; ek sou sê: "Broer Neville, ek's jammer ek het dit gedoen." Sien? Wel, dan, as ek sê: "Ek's jammer ek het dit gedoen," en dit uit my hart bedoel, is ek belydend.

80 En as ek jammer is oor my sonde, en God vra om my te vergewe, is ek belydend. Is dit reg? Goed. Petrus het gesê: "Bekeer, of wees jammer oor julle sonde, en word dan gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Is dit waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. By die huis, toe . . .

81 Paulus en Silas het die diens gehou, en is in die tronk gegooi, geslaan, omdat hulle die bose gees uit 'n fortuinverteller uitgedryf het. En toe hulle in die Filippynse tronk was. En daardie nag, toe hulle gesange gesing het, en hulle . . . Die Here het 'n aardbewing gestuur, en het die tronk so hard geskud totdat dit, die boeie, van hulle hande afgeval het. Die tronkbewaarder het sy swaard uitgetrek, om homself dood te maak. En Paulus het gesê: "Sien dat jy nie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier." En hy het gesê . . . Wat kan hý doen om gered te word? Hy het gesê: "Glǒ aan die Here Jesus Christus, saam met jou hele huis . . . jou hele hart, en jy sal gered word, jy en jou huis." Let op: "Glo aan die Here Jesus Christus."

82 Nou, as 'n mens jammer is oor sy sonde! Ek wil dit net stadig neem, sodat dit baie diep insink. As 'n mens jammer is oor sy sonde, en hy bely, jammer is oor sy sonde, en Jesus Christus as sy Verlosser, van sy sonde aanvaar, en gedoop word in die Naam van Jesus Christus; is God onder verpligting, op daardie selfde oomblik, om die man die doop van die Heilige Gees te gee. As Hy nie is nie, kan Hy nie . . . Het Hy nie Sy Woord gehou nie. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

83 Nou, waarom al die wagdienste, dan? Hoekom al die bewyse en dinge wat ons moet hê?

84 Nou, Jesus het gesê, Johannes 5:24: "Wie My woord hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe." Nou, as "ewige Lewe," wat beteken die woord *ewige*? Dit beteken: "sonder einde." As hy—as hy . . . "Wie My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het Lewe sonder einde."

85 Waarom dan al die terugkom en—en probeer om oor gered te word, en al hierdie dinge?

86 As jy Lewe sonder einde het, kan jy nie vergaan nie. Jou Lewe kan nie, want jy het ewige Lewe.

87 Nou, as sommige van julle dalk die woord wil opsoek, sal julle dit daar vind, die Griekse woord, het *Zoe*, Z-o-e, die Griekse woord, wat "die Lewe van God," beteken.

88 Want, as dit ewig is, daar is net een ding wat ewig is, en dit is God. Hy is: "Van ewigheid tot ewigheid, is U God." Nou, as Hy van ewigheid en tot ewigheid is, en jou ewige tot ewige Lewe gegee het, dan moes jy 'n deel van Sy ewige Wese geword het. Is dit reg? En as jy 'n deel van Sy ewige Wese geword het, maak dit jou 'n seun of 'n dogter van Hom; wat presies vervul wat die Skrif sê: "Ons is seuns en dogters van God." Is dit reg?

89 Wanneer het jy Dit gekry? Toe jy geskree het? Toe jy na die altaar toe gegaan het? Toe jy in tale gepraat het? Toe jy geglo het! Ons doop soveel wat nie glo nie. Ons hoor soveel, wat in tale praat, wat nie glo nie. Ons het hulle opgewerk tot bewyse, en dinge gemaak, en hulle uitgelê, sê: "Wanneer jy *dit* doen, het jy Dit." Daar is niks in die Bybel, nêrens in die Bybel, wat jy 'n mens kan vaspen nie: "Omdat hy *dit* doen, dat hy 'n Christen is nie."

90 Hy's 'n Christen omdat hy glo. En sy eie lewe dra die vrugte van die Gees, maak nie saak wat hy doen nie. Sien? Dis dit. Nou, en wanneer jy glo, ontvang jy ewige Lewe. En ewige Lewe is God; en God is die Heilige Gees. Is dit reg?

91 As God en die Heilige Gees nie dieselfde Persoon is nie, het Jesus twee Vaders gehad. Jesus het gesê dat "God" Sy Vader was, en die Bybel het gesê dat "die Heilige Gees" Sy Vader was, so hulle was albei dieselfde Persoon.

92 En as jy God ontvang, ewige Lewe in jou, wat het jy dan ontvang? Dis wat ek wil weet. Kry julle die idee?

93 Ons is so vol teorie, die kerk was, omdat dit gedenomineerd is. Hierdie denominasie vind *hierdie*, hulle glo *hier*in, hulle maak 'n denominasie daaruit. Hulle kan net nie verder as dit beweeg nie.

94 Maar God se Kerk beweeg die heeltyd, beweeg aan. Dit beweeg net reguit aan en laat die denominasies agter sit. Dit het wegbeweeg van Luther. Dit het wegbeweeg van Metodis. Dit het wegbeweeg van Baptis. Dit het wegbeweeg van Presbiteriaan. En Dit beweeg weg van Pinkster. Sekerlik. Want, ewige Lewe beweeg aan, sien, en jy kry Dit omdat (hoekom?) jy glo aan die Here Jesus Christus.

95 Nou daar is net twee dinge. Kyk. Jy is óf 'n ongelowige óf 'n gelowige.

96 Dis óf dag óf dis nag. Is dit reg? Nou, ek kan nie sê: "net *soveel* hiervan is—is—is nag nie. Net wat ek deur daardie venster sien, dis wat nag is nie." Nee, nee. Die hele ding is nag. Dis reg.

97 Nou, ro-. . . soos ek dikwels gesê het. Sigarette rook, tabak pruim, en whisky drink, dis nie sonde nie. Dis die eienskappe van sonde. Jy doen dit omdat jy 'n ongelowige is.

98 En regverdig lewe, en heilig, en vredeliewend, en kalm, en stil, en liefdevol, en—en gemeensaam, ensovoorts, dis nie omdat jy 'n Christen is nie. Dis net die eienskappe van Christelikheid. Dis as gevolg van wat in jou is, wat dit maak. En as jy dit naboots, of dit doen omdat jy veronderstel is om 'n Christen te wees, is jy 'n skynheilige, dis reg, as jou lewe nie liefdevol gelewe word nie. Want, in jou, kom Iets uit. Dit maak dit, laat jou so voel.

99 Jy sal deur beproewings gaan, en probleme, en hoogte- en laagtepunte, en misverstaan word. Dit het nie een ding Daarmee te doen nie.

100 Toe Israel teruggeval het en afgegaan het na Egipte, was hulle teruggeval. Hulle het nooit hulle verbond verloor nie. Hulle het hulle vreugde van hulle verlossing verloor.

101 Dawid het nie gesê: "Gee my weer my verlossing," nie. Hy het gesê: "Gee my weer die vréúgde van my verlossing." Sy verlossing moes dieselfde bly. Maar hy het afgegaan na die verkeerde kant toe en die vreugde van sy verlossing verloor. Sien wat ek bedoel?

102 Wanneer is jy gered? Wanneer is jy heilig gemaak? Wanneer is jy gevul met die Heilige Gees? Toe jy geglo het aan die Here Jesus Christus! Want, jy het die ewige Lewe daar ontvang.

103 Maar toe, van toe af, het jy begin groei. Jy het begin groei. Jy het gegroei deur heiligmaking, deur die Heilige Gees, en deur praat in tale, en deur al hierdie dinge hier.

104 Maar jy het Lewe ontvang toe jy geglo het. Sien wat ek bedoel? En dit is nou nie. . . Party mense het alreeds Lewe, en jy probeer hulle kry om iets *hier* te doen, wanneer hulle nog nie eers daardie plek bereik het nie. En Pinkstermense het nooit. . . het gekom by die punt waar die Kerk nou kom, by die aanneming, of die plasing van seuns.

105 Nou, in die Ou Testament, wanneer 'n seun in 'n huis gebore is, was dit 'n seun, omdat dit in 'n huis gebore is. My seun is my seun toe hy vir my gebore is.

106 En toe die Pinksterkerk geboorte geskenk het, of gevind het wat hulle genoem het "die Geboorte, die nuwe Geboorte, of die Heilige Gees Kerk," dat hulle gebore is in die Koninkryk van God.

Wel, nou, in die Ou Testament. . .

107 Nou, in Efésiërs, die 1ste hoofstuk, het Dit gesê: "Ons is voorbeskik om aangeneem te word as seuns." "Om aangeneem te word as seuns"? Kyk daarna: "Aangeneem te word as seuns!" Ja, meneer.

108 En 'n man, in die Ou Testament, wanneer hy 'n seun gehad het wat gebore is in sy huis, was hy 'n seun toe hy gebore is. Maar daar was 'n leermeester wat daardie kind grootgemaak het, totdat hy 'n sekere ouderdom bereik het. Dan, as hierdie leermeester was. . . die vader vertel het, dat die kind waardig en reg was, en alles, nou, dit het. . . Dan was hy—was hy aangeneem in daardie familie. Baie van julle Ou Testament lesers ken die Skrif daaroor. Hy is aangeneem in die familie. Maar as hy nie was nie, het hy steeds 'n seun gebly, maar hy is nie aangeneem nie. En dan, as hy aangeneem is, is hy uitgebring op straat, 'n kleed aangetrek, en dan is 'n seremonie gehou. En dan het hierdie seun se handtekening, op die tjek, dieselfde beteken as sy pa s'n. Net dieselfde, want hy is aangeneem in die volle gemeenskap van die familie.

109 God het Sy Eie Seun aangeneem, toe Hy Hom opgeneem het; Petrus, Jakobus, en Johannes saamgeneem, as 'n getuie. "In die mond van twee of drie getuies, laat elke woord bevestig word." En daar opgegaan, en God het Christus oorskadu. Die Heilige Gees het Christus oorskadu, en Sy klere het geskyn soos die son. Is dit reg? En God Self het gesê: "Hierdie is My geliefde Seun. Luister na Hom." Met ander woorde: "Daar is Dit. Wat Hy sê, is alles Daarvan." En toe is Hy gegee gelyke. . . En, natuurlik, was Dit God, maar God in die vlees van Jesus Christus, wat Homself aan die mense manifesteer. En, daar, het God Sy Eie Seun aangeneem.

110 En nou wanneer die Pinksterkerk en hierdie mense in die laaste dae hier begin het om die nuwe Geboorte te vind, wedergebore te word, het hulle gedink dit het dit afgehandel. Nee, meneer. Jou hoogte- en laagtepunte, en heen-en-weer, en dinge soos daardie, God kan jou nie plaas as 'n seun nie.

111 Maar wanneer jy in die Koninkryk bly, in die Evangelie bly, reg bly, sal God jou een van hierdie dae uitroep en jou eenkant sit, jou aanneem as Sy seun, voor die mense, en vir jou iets gee wat die nasies sal skud, daarmee. Sien wat ek bedoel? Dis die aanneming in die familie.

112 Nou, hierdie wat Hom gevolg het; Petrus, Jakobus, en Johannes. Ons praat vanaand van Petrus, 'n groot visioen, hoe daardie manne gelewe het in daardie dag.

113 En nou eers, daarbo by die twinti-. . . of, die 32ste vers van die vorige hoofstuk, die—die 9de hoofstuk.

> *En onderwyl Petrus oral* deur *rondgaan, . . . het hy ook gekom . . . by die heiliges wat in* Listre *woon.*
>
> *En hy het daar 'n man gevind met die naam van Enéas, wat* was . . . *wat al—al agt jaar bed—bedlêend en verlam was.*
>
> *En Petrus sê vir hom: Enéas, Jesus Christus maak jou gesond, staan op en maak jou bed op. En hy het dadelik opgestaan.*

114 Hou dit dop. Kyk nou wat gebeur het.

> *En al die inwoners van Lidda en Saron* . . . (Kyk hier.) . . . almal *tot die Here bekeer.*

115 Omdat 'n man, wat verlam was, genees is, het die hele streek tot die Here bekeer, omdat 'n man genees is, van 'n verlamming.

116 En, vandag, word die dooies opgerig. En die mense sê: "Dis demonologie. Dis sielkunde. Dis verstandstelepatie. Die persoon was nie dood, om mee te begin nie." Sien julle die verskil? Dis ons onverskilligheid teenoor God, wat bepaal het wat ons vandag kry. Ons gaan Goddelike oordeel kry. Die hele wêreld skud net nou, onder die impak van die naderende oordele.

117 Een van die predikers sal dit seker optel, binne 'n paar minute, oor die komende oordele. En ek hoop hulle doen dit in elk geval, oor, die komende oordeel.

118 Want, die hele wêreld is gereed, bewe. Elke volk bewe. Dink julle nie det Rusland ook nie bewe nie. Die Verenigde State en die eilande bewe. "Wie gaan daardie eerste atoombom gooi?" Wanneer dit gebeur, mag dit die hele ding van koers af gooi, en nie wees 'n . . . wie . . . 'n Kobaltbom, wat as daar 'n paar van hulle losgelaat word? Daar sal nie eers 'n vlieg of 'n insek op die aardbodem oor wees nie.

119 Dis net nou in die hande van bose, sondige, manne wat oppad is na die hel. En jou bestemmming van hierdie aardse reis, ek het gesê, aardse reis, is oorgelaat in die hande van bose en sondige manne. Jy beter dophou waarvoor jou siel se bestemming bestem is. As dit nie bestem is vir die Hemel en vir God nie, draai vanaand, met jou hele hart, en moenie dat die ou jaar verbygaan sonder dat jy na God toe draai nie. Want, jou aardse bestemming word bepaal deur die hande van bose, en wrede, koudhartige, ateïstiese mans. Dis waarvoor jou—jou liggaam bestem is. Wat ook al hulle daaraan wil doen nou, dit speel klaar met jou. God wees genadig!

120 En God, in Sy liefdevolle genade, wat tekens, en wonders, en wonderwerke, en alles stuur, en die Evangelie preek, en mense wat die heeltyd julle gesigte draai na . . . weg Daarvanaf. Hoe kan julle dan enigiets anders as oordeel verwag? Julle móét dit ontvang.

121 En een man wat genees is van verlamming, en die hele streek het tot Christus bekeer!

122 En hier waar ons konings, en heersers, monarge, en kongresmanne, en al die res het; siektes en kwale, en dood en oorlede, en hulle weer tot die lewe opgerig sien word, en die volk spot en lag net daaroor. Wat het ons dan oor, behalwe oordeel?

123 O, broer, as daar ooit 'n tyd was wat God Sy mense wakker maak, is dit vandag. Hierdie komende jaar, mag God Sy predikers salf, soos vuurvlamme, want julle is in die laaste dae, en die afsluitingstye.

124 Kyk hier. Hierdie selfde man het afgekom . . . Daar was 'n meisie, genaamd Tabita. Tabita wat "Dorkas" beteken, het gesterf toe sy daaronder was. En Petrus was bo by Joppe. Hulle het gestuur en hom gekry, en hom soontoe gebring. En hy het ingestap by waar sy gelê het, 'n lyk. Al die mense verdaag, en neergekniel en gebid. En toe hy het, het hy oorgegaan en haar hand geneem, en haar opgewek. En sy was weer gesond, lewendig.

125 En kyk wat gebeur het. "En dit het gebeur, dat hy geruime tyd gebly het." Net voor dit:

En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in *die Here geglo*. Baie het geglo!

126 En vandag, sal hulle sê: "Ek twyfel of sy hoegenaamd dood was, of nie. Sy was in—in 'n koma of iets soos dit. Ek glo nie in soiets nie." Veduidelik dit alles weg! Wanneer jy die bonatuurlike wegverduidelik, uit die Bybel, verduidelik jy die einste God wat jy aanbid, weg. Jy doen dit, beslis. Hy's 'n bonatuurlike God. Goed.

127 Nou, maar, hierdie apostels stop? Broer, hulle was by Jesus. Hulle het nie omgegee wat enigiemand sê nie. Hulle het hulle soontoe geroep eenkeer en vir hulle gesê dat die dae van wonderwerke verby was. En hulle gegésel en hulle in die tronk gesit, en hulle heelnag gehou, en hulle die volgende oggend voor die hof gesleep. En, hulle het uitgevind, hulle was onkundige en ongeletterde manne. Maar hulle het opgemerk dat hulle by Jesus was.

128 Na hulle vrylating, het hulle nooit weer die kweekskool gaan raadpleeg nie. Hulle het na hulle eie mense toe gegaan. En toe hulle bymekaargekom het, en verduidelik het wat die Here gedoen het, het hulle vergader en hierdie gebed gebid: "Here, hoekom het. . . " Is vervul wat gespreek is deur die profeet, natuurlik: "Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink?" Gesê: "Gee ons waarlik krag, deurdat U die hand uitstrek van U Heilige Kind, Jesus, om die siekes te genees, en dat tekens en wonders gedoen mag word." En toe daardie mense gebid het in eendragtigheid in daardie plek, het die gebou geskud, waar hulle saam vergader was.

129 Wat ons vanaand nodig het, is 'n eensgesindheid, 'n biduur, waar ons onsself verbind met so 'n eenheid van hart en eendragtigheid, en 'n gebed bid soos daardie, dan sal ons nog 'n skuddingstyd hê. Amen.

130 Let op. Petrus, eens die verloëner van die Here, wat eenmaal nie geglo het aan Hom nie, of Hom ontken het; en uitgegaan het en bitterlik geween het, en ingekom het. Nou het hy die Heilige Gees ontvang. Luister hoe preek hy.

En daar was. . . 'n man met die naam. . . of, naamlik *Cornélius*, *'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling*.

Hy met sy hele huis was vroom. . . en godsvresend en hy *het baie aalmoese aan die volk gegee en was* altyd *in die gebed tot God*.

131 Wat 'n man! Nou, nie, onthou nie. . . Selfs 'n Heiden. Nie eers 'n Jood nie. Hy was 'n Heiden, 'n hoofman oor honderd; oor 'n honderd, is 'n honderd man. Maar hy was 'n Godsvresende man. God het altyd, onder die Heidense mense, Godsvresende manne gevind.

132 Ek het geloop en praat met 'n jongman vandag, ek het gesê: "Wanneer ek in die Hemel kom, is een van die dinge wat ek wil doen, om nader te stap en hand te skud met 'n sekere kêrel wat 'n dapper ding gedoen het." En hy het gepraat van die een wat hy wou sien. Hy wou sy hand skud, en veskillende dinge, van hoedat God die mense geseën het.

133 Toe, Uría, nadat Dawid sy vrou, Bátseba, gevat het, en hulle gestuur het en hom gekry het. En sy sou ma word. En haar ingebring, sodat hy Uría daarvoor kon blameer. En hy was nie 'n Heiden nie. . . Hy was nie 'n Jood nie. Hy was 'n Heiden, en hy was 'n Hetiet, 'n bekeerling na die Joodse godsdiens. En hy het vir hom gesê om te gaan en 'n tydjie by die huis te bly, saam met sy pragtige, mooi vrou. Hy het gesê: "God verhoed dat ek so-iets soos daardie sal doen, en die ark van my God is op die slagveld." En hy het geweier om dit te doen.

134 En, broer, wanneer ek in die Heerlikheid kom, wil ek oploop na Uría toe en sy hande skud, en sê: "Prys God, want jou getuienis het vir my iets beteken in my aardse reis."

135 Ek wil oorstap na Daniël, sê: "Jy weet, Daniël, toe jy vreesloos daar ingegaan het voor daardie leeus, het daardie getuienis iets vir my beteken." Ja, meneer.

136 Ek wil die apostel, Petrus, sien en sê: "Petrus, daardie aand toe jy in die tronk was, en die Here ingekom het met 'n groot Lig en oor jou geskyn het, o, ek het dit altyd bewonder. En jy het daardie Lig gevolg, en die deur het voor jou oopgegaan, en het jou reg in die strate ingeneem. Jy het gedink jy het gedroom." Wat 'n tyd!

137 Gaan nie 'n stil plek in die Hemel wees, wanneer al daardie verlostes Daar rondom kom nie, nie waar nie? Dit gaan 'n wonderlike ding wees wat plaasvind Daarbo, wanneer al die verlostes ingemarsjeer kom.

138 En hier is hierdie hoofman oor honderd, die huis van Cornélius. Kyk hoe God dit so gereël het! Nou, Cornélius was 'n Godsvresende man. Hy het altyd gebid, en aalmoese vir die mense gegee. Jy doen nooit enigiets, wat die moeite werd is om te doen, dat God dit nie op jou rekord plaas nie. Dis reg. En hy het gebid, en hy het aalmoese aan die mense gegee. En hy was 'n groot man.

139 En eendag, terwyl hy in gebed was in die huis, het daar 'n Engel in die kamer ingekom waar hy was. Glo julle in Engele? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die Engel het in die kamer ingekom waar hy was, en gesê: "Cornélius, staan op en gaan af na Joppe. En vra vir een genaamd Petrus, wat bly in die huis van een met die naam van Simon. En hy sal vir jou sê wat om te doen." Amen.

140 Nou, Petrus, op hierdie tyd, het gereis, en hy het honger geword. Dit was omtrent twaalfuur. So, hy gaan bo-op die dak

van die huis en raak aan die slaap. Hy sou 'n bietjie slaap terwyl hy daarbo was, terwyl hy wag dat hulle middagete gereedkry.

141 En so, Cornélius het, dis 'n soldaat en twee vroom manne gestuur, en hulle soontoe gebring om Petrus te vind.

142 En terwyl, God, as Hy iemand stuur om jou te sien, tref Hy reëlings voor die tyd vir hierdie ding om te gebeur.

143 Hy het reëlings getref by die hospitaal, vir hierdie baba gister, wat daar gelê het in 'n sterwende toestand, dat hulle nie geweet het wat die probleem was nie. En die Heilige Gees het in die kamer gespreek; reëlings getref by die hospitaal, vir die genesing van die kind voordat ek nog selfs daar gekom het. Halleluja!

144 In Finland, toe daardie klein seuntjie daar doodgelê het in die pad. En sy pa en ma, wat skreeuend en handewringend in die veld uitgehardloop het. God het sy opstanding vooraf gereël, twee jaar voor die tyd. Prys die Here!

145 En, vanaand, terwyl ons hier in hierdie kerk is, en deur hierdie lyding gaan waardeur ons gaan, het God ons opstanding vooraf gereël. Een glorieryke dag, sal Hy kom. Dis alles vooraf gereël. En die mans en vroue wat daaraan dink, partykeer sing digters hierdie liedere "O, daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees."

146 Omtrent vyftien jaar gelede, vanaand, het ek op hierdie platvorm gestaan daar, met 'n groot tabel, onderrig gegee.

147 En daar was 'n klein Pinkstergroepie wat van Louisville af gekom het. En ek het nooit geglo in daardie mense wat so gedans het soos hulle het nie. En daar het 'n dametjie hier opgekom om die klavier te speel. En hulle sou 'n spesiale item lewer, en slaan op 'n klein. . . vingerhoede op 'n wasbord. En party van hulle het op 'n blik geslaan. Ek was baie krities daaroor, so ek het gedink: "Wat gaan gebeur?" En die vrou het opgekom om die spesiale item te lewer. Sy het begin speel. Die dame het begin speel op die wasbord. En hierdie klein blonde-kop meisietjie het hier uitgespring, op die vloer, en begin dans in die Gees.

148 En ek, wat gesit het in die kring van die spotters, ek het gesê: "Nou, ek wens jy wil daarna kyk!" En ek het vir my kerk vertel, totdat hulle almal gewonder het wat ek daaraan gaan doen. Ek het bly kyk na haar, en ek het gedink: "Kyk daarna! Nou, as dit nie iets is nie! Maak 'n kroeg van my kerk!" En ek het daar gesit, sonder om van beter te weet. Ek het niks gesê nie, maar in my hart het ek dit gedink.

149 So ek het haar dopgehou terwyl sy daar gedans het. En die eerste ding waarvan jy weet, het ek gesê: "Nou wag 'n oomblik. Wonder of die dame enige Skrif daarvoor het?" En ek het begin dink aan die Skrifte. Ek het gesê: "Waar is dans ooit ge-orden?

Die eerste plek, in die Bybel." Dis reg. En ek het gedink: "Wat het hulle laat dans?"

150 Ek het gesien dat die kinders van Israel, toe hulle die Skelfsee oorgesteek het, het Miriam omgekyk en al daardie slawedrywers gesien wat verdrink het, sy het 'n tamboeryn opgetel en begin dans; en hierdie tamboeryn geslaan, en afgehardloop op die oewers, aan die dans. En die dogters van Israel het haar gevolg, en gedans. Ek het gedink: "Dis oorwinning."

151 Ek het Dawid gesien, toe sy liefling daaragter gesit en waai het met hierdie waaier, gekyk het na haar oulike kêrel, Dawid, wat daarbuite gestaan het. En hier het die ark gekom, waarvan Broer Graham 'n tydjie terug gepraat het, oor die heuwel gekom. Toe Dawid dit sien kom het, het hy om en om en om gedans. "Wel," sy het gesê: "ek skaam my vir jou!"

152 Hy het gesê: "As jy nie daarvan hou nie, kyk hierna!" En hy het weer om en om en om gegaan.

153 Weet julle wat? God het afgekyk uit die Hemel, en gesê: "Dawid, jy's 'n man na My Eie hart." Dis reg.

154 En ek het gedink: "Jy weet, daar's net een ding fout met my. Miskien het ek nie genoeg oorwinning nie." En ek het daar gesit, en het my Metodis-voet begin stamp. En die eerste ding waarvan jy weet. . . God, as my getuie! Ek, voor ek geweet het wat ek gedoen het, was ek uit op die vloer hier, aan die ronddans, saam met daardie meisie. Dis reg.

155 Toe het ek gesê: "God, haal my uit die kring van die spotters. Laat ek verstandig na enigiets kyk voor ek weer 'n oordeel uitspreek." Amen. God doen dinge vreemd.

156 Ek glo nie in 'n klomp onsin nie. Ek glo nie in 'n klomp bog nie. Maar ek glo in 'n regte, egte, Gees-vervulde, Heilige-Gees Woord van God wat gepreek word in krag en demonstrasie. Amen. Want, Dis die ding wat my gered het. Dis die ding wat my sover gebring het. Dis die ding wat my gehelp het toe die dokter gesê het ek was sterwend. Dis die ding wat my gered het in die uur van my dood. Dis die ding wat my sal opwek. En Dis die ding waarmee ek Hemel toe sal gaan. As ek ooit Daar kom, sal ek Daarmee moet gaan; ken niks anders as Dit nie, en wil niks anders ken as Dit nie. Dis reg.

157 Jesus ken, en Hom gekruisig, en dis al. As Hy gekruisig is, dan kruisig dit my vlees saam met Syne, en is ek dood vir die dinge van die wêreld. Hoekom! Amen!

Julle weet, ek raak godsdienstig. Ek begin so voel.

158 Let op, hier was hulle. Goeiste, wat 'n tyd! Wonderlike diens wat hulle gehad het! Cornélius het gesê: "Nou gaan julle daarnatoe en vra vir een met die naam van Petrus." En gesê. . . Nog nooit tevore van hom gehoor nie.

159 En Petrus daarbo, het gedink: "Here, ek sal 'n bietjie slaap net voor ek middagete eet. Ek voel so honger en moeg."

160 En toe hy daar gelê het, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom. Die Skrif het so gesê. Toe, ek glo daar het 'n verrukking van sinne oor hom gekom, en julle? En toe hy het, het hy 'n laken sien afkom, vol van kruipende goed. En 'n Stem het gesê: "Staan op, Petrus. Slag en eet."

161 Hy het gesê: "Nee, Here. Ek is 'n Jood. Niks onrein of onheiligs het nog ooit in my mond ingegaan nie."

162 Hy het gesê: "Moet jy nie onheilig noem wat Ek rein gemaak het nie." Gesê: "Staan jy op." Gesê: "Daar wag iemand vir jou, onder by die poort. En gaan voort, moet niks betwyfel nie. Volg hom." Amen.

163 Nou, Petrus, en sy skynheilige weë, julle weet. Hy het soort van 'n bietjie aansien onder die mense gehad, so hy moes kyk wat hy eet. Hy was 'n Jood. Hy is grootgemaak, 'n—'n streng Presbiteriaan, julle weet, of iets, en hy moes kyk wat hy doen as gevolg van sy kerkverband.

164 So die Here het gesê: "Volg jy daardie Heidene, sonder om om te gee wat gedoen word, of wat ook al. Gaan jy op soontoe."

165 En toe hy reguit na die huis van Cornélius toe gegaan het, het Cornélius al sy mense vergader. En hy het vir hom gesê hoe hy die Engel gesien het. Hy het gesê: "Nou, Petrus, ek—ek het jou laat roep."

166 En toe Petrus daar opgestaan en begin preek het: "Terwyl Petrus hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval," en hulle is almal vervul met die Heilige Gees, het begin profeteer, praat in tale, en 'n wonderlike tyd gehad. Hy het gesê: "Kan ons water weier?" Nou, hierdie het die Heilige Gees ontvang voordat hulle gedoop is. En hy het hulle beveel om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus. En Petrus het 'n paar dae by hulle gebly.

167 Dis die apostoliese Kerk, wat in die Gees beweeg, waarnatoe God ook al gesê het. Petrus het sonder sy middagete klaargekom. Petrus het soontoe gegaan, om die Here te volg.

168 En God ooit 'n man en vroue vandag kan kry, in hierdie tabernakel, enige ander plek, wat nie sal omgee oor wat om hulle aangaan nie, maar hulleself oorgee aan die Here, as 'n individuele eenheid, sal God dieselfde man vandag lei, wat Hy toe gelei het. Hy bewys dat Hy met ons is. Wat ons vandag nodig het, is 'n nederige, onderwerpte lewe. Gee jouself oor. Moenie jouself terugdruk nie. Moet niks doen behalwe net die Heilige Gees volg nie. Wat die Gees sê om te doen, doen dit vinnig. Moenie sê: "Wel, ek sal wag en uitvind wat *hierdie* is, en *daardie* is nie." Wat die Heilige Gees sê om te doen, gaan doen dit!

169 Wat as ek nie na Finland toe gegaan het toe die Heilige Gees my soontoe geroep het nie? Wat as ek nie gister na die hospitaal toe gegaan het, waar daardie babatjie sterwend gelê het nie; nie gegaan het nie?

170 Dis: "Gehoorsaamheid is beter as offerande." Doen wat die Heilige Gees sê om te doen. Wat ons vanaand nodig het, is om al ons ou beperkende idees te laat vaar, en die Heilige Gees te laat . . . Julle word hier geleer. Julle weet wat reg en verkeerd is.

171 Maar wat julle vanaand nodig het, is 'n yslike groot bondel van die liefde van God, uitgestort in julle hart; alle verskille weggewas. Begrawe dit saam met die ou jaar, soos dit verbygaan. Laat dit gaan. Kom ons begin 'n nuwe lewe, 'n nuwe begin. Jy kan nie . . . As jy alreeds gebore is in die Koninkryk van God, jy alreeds die Heilige Gees in jou het, is die enigste ding wat jy moet doen, om los te kom van die die dinge van die wêreld wat jou onderdruk. Gesê: "Kom ons lê die las af en die sonde wat ons so maklik omring; sodat ons met volharding, die lewe, die wedloop kan loop wat voor ons lê." Hebreërs, die 12de hoofstuk. Lê die laste af!

172 Kan julle julle die wyse manne voorstel wat na Jesus toe gekom het? Ek sal net 'n klein dramatjie neem vir 'n oomblik. Ek kan sien . . . Hulle sê drie wyse manne. Ons sal net sê daar was drie. Jim, John, en George, sal ons sê was hulle name. En hulle kom om Jesus te sien. En ek kan hulle almal sien gereedmaak om te gaan. Ons sal hierdie kêrel Jim neem. Hy's nogal 'n man. Hy hardloop en sê vir sy vrou, gesê: "Vrou, weet jy wat? Ek het die ster gesien, so ek moet gaan." En so gaan hy en hy pak in, om te gaan.

173 Dis wat fout is met mense vandag. Hulle probeer inpak, om 'n Christen te wees. As daar enigiets is wat julle nodig het, is om "uit te pak," om 'n Christen te wees. Het te veel goed wat nou aanhang.

174 "Ma!" Sê: "Nou, ma, jy weet, ek kan nie gaan as ek nie my kaarttafel saamvat nie," so hy hang dit aan die kameel. "Want, jy weet, die ander kêrels sal dit nie waardeer as ek saamgaan as ek nie my kaarttafel saamvat nie."

175 Al hierdie ander klein goedjies wat jou terughou. En jy het 'n houertjie selfsug, jy moet dit ook aanhang. En jy moet 'n bietjie skinder hê, 'n bietjie kwaadpraat, 'n bietjie *hiervan*, *daarvan*, dit aan die kameel hang.

176 En die eerste ding wat jy weet, spring hy op, op die ou kameel, sê: "Komaan nou! Kom ons gaan!" Die ou kameel kan skaars beweeg. Hy's so swaar gelaai, dat sy bene amper krom is.

177 En jy skop en kla die heeltyd oor jou kerk waarnatoe jy gaan, en miskien is dit jy wat so swaar gelaai is, dat dit nie kán hardloop nie. Dis wat die probleem is. Jy het nodig om af te pak,

te was, skoon te maak, reg te kom. Amen. Wat is fout met my? Let op. Dis wat dit is.

178 Ek kan die ander sien gaan, aanbeweeg. En die eerste ding wat jy weet, het hy afgeklim en weer na daardie ster gekyk. En so, die eerste ding, het hy tafels eenkant toe begin gooi, en pakkies na die ander kant toe.

Die vrou het gesê: "Waarnatoe gaan jy, John?"

179 Gesê: "Ek lê elke las af wat my so maklik omring. Dat, ek moet hierdie wedloop met volharding voltooi. Want nou is die poort en smal is die weg, en hulle is min, wat dit sal vind." Daar's net plek vir jou en Jesus. Niemand anders kan deurgaan nie. Amen.

180 Sy het gesê. Ek kan haar hoor sê: "Wel, kyk, jy vergeet jou kompas."

"Ek het nie 'n kompas nodig nie."

181 "Jy vergeet jou kweekskool-graad. Jy vergeet jou baccalaureus-dienste en al hierdie ander goed wat jy aanhang."

Hy het gesê: "Luister. Ek het nie 'n kompas nodig nie."

"Hoe gaan jy dan?"

182 Hy het boontoe gewys na die ster, gesê: "Ek volg God se voorsiende weg. God het vir my 'n ster voorsien om te volg, wat my na die Christus toe sal neem."

183 En watter nag? Ons het nie enige groot, lang opleiding, en dit alles nodig nie. Ons wil God se voorsiende weg volg. En God se voorsiende weg van hierdie dag, is die doop van die Heilige Gees, en gelei deur die Heilige Gees, is seuns van God. Dit sal jou by jou bestemming uitbring. Lê die laste af. Lê al die res af. Laat ons terugkom na die apostoliese dag. Ons het 'n vaste fondament.

184 God het dit aan ons bewys, deur tekens, en wonders, en foto's, en alles. Hy het bewys dat Hy met ons is.

185 En rondom die wêreld, het hierdie wonderlike magtige Evangelie eenmiljoen-vyfhonderdduisend in die Koninkryk van God ingetrek, verlede jaar. Die Pinksterkerk het elke kerk oortref wat daar in die wêreld is verlede jaar, met bekeerlinge, eenmiljoen-vyfhonderdduisend opgeteken. Halleluja! Wat's fout? Dis die magtigste ding wat op die aarde is vandag. Maar die duiwel het onder hulle ingekom en hulle opgebreek in *hierdie* klein groepie, en *daardie* klein groepie, en *hierdie* klein groepie, om hulle te laat baklei met mekaar.

186 As hulle ooit hulle selfsug en hulle verskille sou vergeet, en hulle hande sou neem, hulle harte verenig, as een, sou die Millennium aanbreek. Dis wat ons nodig het vanaand, vriend, en bymekaarkom. Dis wat die Branham Tabernakel moet doen. Dis wat al die kerke moet doen, is om bymekaar te kom as een gemeenskap, as een individu, in Christus Jesus, 'n pasgebore

baba, en hierdie nou, smal pad bewandel: "Met die oog gevestig op Jesus Christus, die leidsman en voleinder van ons geloof."

187 Kyk hier. Nie om op te kom vir ons tabernakel en sy Doktrines, ensovoorts nie, maar ek sê dit, my liewe vriende. Gaan soek jy die hele wêreld deur waar jy wil, en ons sê dit met trots, nie spog in enigiets, behalwe Jesus Christus die Seun van God nie. Maar kyk wat God Almagtig gedoen het vir hierdie kerkie. Kyk rond en sien, as julle wil. Reg van hierdie kerk af hier, het hierdie groot herlewing begin wat oor die hele wêreld gegaan het. En dis reg. Kyk daarna, en sien of dit nie reg is nie. God is met ons. In Sy liefde en genade, kyk hoe Hy ons genees as ons siek is. Kyk na die kankergevalle, en blind, doof en stom, en al die res wat Hy genees in ons midde, oral. Dan, was liefdevol genoeg om af te kom vir 'n wetenskaplike bewys, om Sy goedkeuring op die kerk te plaas, Sy foto te laat neem saam met ons. Amen.

188 Waar, die kritici, hulle hulle mond moet snoer en terugstaan, en sê: "Kan niks Daarvan sê nie." Amen.

189 Ek's so bly vanaand, dat ek een van hulle was! Ek's so bly om 'n Christen te wees. Ek's so bly dat ek hier onder mense bly wat glo in hierdie groot beweging. Wat. . .Ek glo dat daar klein verskilletjies sal wees. Ons is menslik. Maar, in beginsel, is ons een. Reg. Ons is een. Ons staan verenig, as een eenheid in Jesus Christus. God het ons geseën en ons al hierdie wonderlike dinge gegee.

190 Dink net, hoe ek—ek myself nie hier kon gewees het, vanaand, as dit nie was vir die Here, toe die beste dokters gesê het ek kan dit nie maak nie. Maar die Hoof Dokter het afgekom en gesê: "Dis alles in My hande, en jy sal dit maak." Ek het Hom geglo.

191 Hoe sit Suster Weaver daar? As 'n geraamte wat in daardie rolstoel gesit het daar, toe hulle haar hiernatoe gestoot het om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus; dokter haar tot die oggend gegee het, om te lewe, met kanker wat haar opgevreet het, omtrent sewe of agt jaar gelede. Hier is sy met ons vanaand.

192 Hoeveel kan ek nog roep, wat in en uit by hierdie deure geloop het hier, wat kreupel, en beproef, en siek, en verlam, en kruppel, blind, en al die res hier ingekom het, wat genees is. Net in hierdie een deurtjie hier, as 'n getuie van die opstanding van die Here Jesus Christus!

193 Wat behoort ons te wees? Wat behoort hierdie Branham Tabernakel te wees? Dit behoort 'n vuurtoring te wees wat in een van die donkerste plekke van die wêreld, Jeffersonville staan. As daar ooit 'n plek is wat die Evangelie nodig gehad het, is dit Jeffersonville. Dis reg.

"Maar kan enigiets goeds uit Násaret kom?"

Gesê: "Kom kyk." Dis reg.

194 Die donker plekke! Ons het nie die ligte nodig in die dag nie. Ons het hulle nodig as dit donker is. Dis waar God Lig stuur, is in donker plekke. Dis baie moeilik. . . Maklik om te gaan waar alles glad verloop. Maar waar sy sukkel, waar die donker plekke is, die rowwe plekke!

Moet ek huis toe gedra word na die Hemel op
'n gemaklike bed van rose,
Terwyl ander geveg het om die prys te verkry
en deur bloederige seë gevaar het?

195 Net hier waar mense hare kloof en verskille, en sulke dinge; sterf 'n honderd-en-veertigduisend heidene elke dag, en gaan Jesus tegemoet, of gaan 'n regverdige en eerlike God tegemoet, sonder om enigiets van Hom af te weet. 'n Honderd-en-veertigduisend sterf elke dag, die sterftesyfer van heidene wat nooit die Naam van Jesus Christus gehoor het nie, wat elke dag sterf. En ons stry of ons Presbiteriaans of Metodis is, of nie. Wat 'n skande! Wat 'n jammerte!

196 Wat ons nodig het, is 'n visie. Nie net hieronder kyk aan die punt van jou neus nie. Kyk daarbuite na die einde van die pad. As ek net dink aan vandag, *dit, dat*, of die *ander*, sal ek lewe vir die dag. Maar ek lewe vir die Ewigheid, vir iets daar oorkant, iets wat God verordineer het, en ek moet dit eendag gaan ontmoet.

197 Ek het te veel van die tyd geneem; tien minute. [Leë kol op band—Red.] . . . deur God se genade en God se hulp.

198 Daar was twee jaar wat ek Hom iets, oor en oor gevra het. Ek het Hom vyftien jaar gevra, vir iets, en Hy het dit uiteindelik vir my gegee. En ek sal klop aan Sy deur, as ek volgende jaar lewe, as Hy dit nie vir my hierdie jaar gee nie, sien, vir hierdie ding waarvoor ek gevra het. Dis tot Sy Eer, iets wat ek oorkant vir Hom kan doen. Hy dit net sal toestaan vir my, dat ek kan uitgaan soontoe en siele 'n bietjie beter vir Hom wen, 'n bietjie sterker op die pad. En ek bid dat Hy dit sal doen. Dis my gebed aan Hom.

199 En my getuienis aan julle, dat as julle net vir my sal bid en my voor Hom, in gebed sal hou, dan kan ek aangaan. Hoe kan ek een ding doen, maak nie saak wat sal gebeur nie, as ek nie iemand gehad het om my te glo nie? Julle is net soveel daarvan as wat ek, of enigiemand anders is. Julle is net soveel daarvan. Maak nie saak wat ons sou doen, as ons sou preek, wat ons sou sê nie; as daar niemand is om dit te glo nie, dan is daar niks wat gedoen kan word nie. Dis reg. Dis alles 'n mislukking, daar's niks wat gedoen kan word, behalwe as ons bymekaarkom en ons mekaar glo nie. Ek glo in julle en julle glo in my. En, saam, glo ons in God, en ons glo Sy Gees sal ons lei.

200 Nou, Broer Funk, kom jy op? Jy hou nou die baba was; dis jou verskoning. Broer Wood, ek reken jy's dan volgende. [Broer Wood sê: "Broer Jackson."—Red.] Goed, en hy het Broer Jackson

aangeneem. So ek reken Broer Jackson sal volgende wees. Die Here seën ons Broer Jackson, wat volgende kom.

201 Die Here seën julle. Het julle—het julle die Here lief? Ek wil julle hande sien. Het julle die Here lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

202 Suster Gertie, kom net 'n oomblik hier. Ek wil hê julle moet een saam met my sing. Almal anders sing. Ek gaan probeer. Ek's so hees as wat ek kan wees, want ek het 'n slegte verkoue, en ek . . . iets, my kop, maar ek wil hê julle moet my help om hierdie goeie ou lied te sing. En gee my die akkoord van . . . iets. Ek weet nie wat dit is nie. Maar, ek weet nie wat dit is nie. Gee my net een of ander noot, want ek wil "drup van die bloed," saam met julle almal sing. Want, hierdie Evangelie wat ek preek, Dit drup in bloed. Glo julle dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, almal, saam nou.

Die eerste een om te sterf vir hierdie Heilige Gees plan,
Was Johannes die Doper, maar hy't gesterf soos 'n man;
Toe kom die Here Jesus, hulle kruisig vir Hom,
Hy preek dat die Gees van sonde sou red.

Bly drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Die Heilige Gees Evangelie, Dit drup van die bloed.

Maar toe stenig hulle Stéfanus, hy't gepreek teen sonde,
Hy het hul so ontstel, hulle het sy kop ingeslaan;
Maar hy't gesterf in die Gees, en hy't die gees gegee,
En gegaan om aan te sluit by ander, daardie lewende skaar.

Bly drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Die Heilige Gees Evangelie . . .

O, daar's Petrus en Paulus, en die heilige Johannes,
Hulle het hulle lewens opgegee sodat die Evangelie kon skyn;

Hulle bloed het gemeng, met profete van ouds
Sodat die ware Woord van God eerlik verkondig kon word.

Bly drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed.

Luister nou hierna.

Daar's siele onder die altaar, wat uitroep: "Hoe lank?"
Vir die Here om hulle wat verkeerd doen, te straf;
Maar daar gaan nog wees wat hul lewensbloed sal gee
Vir hierdie Heilige Gees Evangelie en sy rooi vloed.

Kom ons staan nou.

Dit drup van die bloed, ja, dit drup van die bloed,
Die Heilige Gees Evangelie, dit drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed.

203 Is julle nie bly julle is een van hulle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Watter soort Evangelie? Dieselfde Evangelie wat vir hulle gegee is, selfde tekens, selfde wonders wat gevolg het, selfde Vuurkolom, selfde Here Jesus, selfde genesing van die siekes, selfde krag van die Gees, alles wat reguit aanbeweeg. Dieselfde vervolging kom.

Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed.

Almal saam nou.

Dit drup . . .

204 Draai om en skud hande met iemand, en sê: "Prys die Here!"

. . . drup van die bloed,

205 Halleluja! Is jy nie Broer . . . ? . . . Prys die Here! . . . ? . . . Amen.

Dit drup van die bloed,
O, die bloed van dissipels wat sterf vir Waarheid,
Die Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed.

O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
Want Hy't my eerste liefgehad.

Kom ons sing dit nou harder. Steek julle hande op.

O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
Want Hy't my eerste liefgehad.

206 Ons Hemelse Vader, ons dank U vanaand vir die Here Jesus Christus, vir Sy Krag, vir Sy liefde. En om te weet, dat, in hierdie groot, edele dag waarin ons lewe, wanneer die profete van ouds hierdie dag vooraf gesien het en opdragte daaroor gegee het, gesê het hoedat "mense roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God sou wees; wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan sou verloën." Wanneer hy gesê het: "Daar sal spotters in die laaste dae kom, en sou spot, en verkleineer." En ons lewe daarin, Vader.

207 "In daardie dag, sal die strydwaens raas langs die breë paaie. Hulle sou jaag soos bliksemstrale. Hulle sou lyk soos fakkels." Al hierdie, groot profesie, wat vervul word!

208 Toe Jesus gesê het: "Die getygolwe sou op die kus breek, op-en-af teen die kuslyn van die see. En wanneer groot tekens en wonders bo in die hemele sal verskyn, soos vlieënde pierings en dinge. As gevolg van hierdie tekens, sou die wêreld laat vrees en bewe. Dit sou aardbewings op verskillende plekke veroorsaak, en allerhande dinge; en benoudheid, en spanning onder die nasies."

209 En Hy het gesê: "In daardie dag, dat Israel sou blom." Halleluja! Daardie ou ses-punt ster van Dawid waai oor Jerusalem, vanaand, vir die eerste keer in vyf-en-twintighonderd jaar. Volke verkrummel. Die vyeboom bring sy botsels uit!

210 Al die ander bome bring hulle botsels uit. Die bose bring hulle botsels uit. Roomsheid bring hulle botsel uit. Kommunisme bring sy botsels uit.

211 En U Kerk bring Sy botsels uit. Lentetyd kom. O, groot Meester van Lewe, styg op met genesing in U vlerke, Here. En gee U diensknegte alle kragte en tekens, om die hand uit te strek van U Heilige Kind, Jesus, om wonderwerke te doen en tekens te toon, en om die Evangelie te preek aan die uiteindes van die wêreld. Skenk dit, Here.

212 Seën hierdie kerkie. Seën sy pastoor, Here, ons liefdevolle broer. Seën almal wat geassosieer is hier met ons. Almal wat U Naam aanroep, oral om die wêreld. Help, hierdie komende jaar, Here, help ons om die beste te wees vir U diens. Hou siekte uit ons midde. En salf ons met die Heilige Gees. Hou afguns, hou rusie, hou jaloesie, hou alles wat goddeloos is, weg van ons. En laat dit van ons gesê word, dat ons U kinders is: "'n Stad wat op 'n berg lê, wat nie weggesteek kan word nie." Skenk dit, Vader.

213 Seën ons, en vergewe ons vir ons verlede. En mag ons sê, soos Paulus: "Deur die dinge te vergeet wat agter is, jaag ons na die doel van die hoë roeping in Christus."

214 Here God, stuur my waar U ook al wil. Ek's gereed om te gaan, U bevele te gehoorsaam op enige tyd.

215 Vergewe ons, sê ek, weer. En heilig hierdie kerk vir U Naam's ontwil en eer, en die mense daarin. Want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

216 Julle mag nou maar sit. Die Here seën julle.

Wel, nou, daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees,
In die soet', soet' hiernamaals;
Ek gaan julle daar, julle Daar oorkant ontmoet
In die Tuiste in die lug;
Sulke sang sal julle hoor, nog nooit gehoor deur sterflik' oor,
Dit sal wonderlik wees, dit is gewis!
Want God se Eie Seun, sal die Leidsman wees
By die ontmoeting in die lug.

O, daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees,
In die soet', soet' hiernamaals;
Gaan julle daar, julle Daar oorkant ontmoet
In die Tuiste in die lug;
Sulke sang sal julle hoor, nog nooit gehoor deur sterflik' oor,
Dit sal wonderlik wees, dit is gewis!
Want God se Eie Seun, sal die Leidsman wees
By die ontmoeting in die lug.

Jy't gehoor van kleine Moses in die riete,
Jy't het gehoor van dapper Dawid's slingervel;
Jy't gehoor die storie van die dromer Josef,
En van Daniël en die leeus word steeds vertel.
O, daar's baie, baie ander in die Bybel,
En ek moet sê ek wil hul graag ontmoet!
Binnekort sal die Heer ons aan hul voorstel
By die ontmoeting in die lug.

Daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees,
In die soet', soet' hiernamaals;
Ons gaan julle daar, julle Daar oorkant groet
In die Tuiste in die lug;
Sulke sang sal julle hoor, nog nooit gehoor deur sterflik' oor,
Sal wonderlik wees, dit is gewis!
Wanneer God se Eie Seun, die Leidsman sal wees
By die ontmoeting in die lug.

217 Hou julle nie daarvan nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goeiste! Daar's Een wat ek graag, bo alles, wil ontmoet, dis Jesus. En julle? ["Amen."] Laat jou net so verheug voel, so gereinig, so suiwer. Voel julle nie net so nie? Net asof julle net uitgeskuur is! Net so lief vir Hom!

. . . ontmoeting in die lug,
In die soet', soet' hiernamaals;
Gaan julle daar, julle Daar oorkant groet
In die Tuiste in . . . ;
. . . sal julle hoor, nog nooit gehoor deur sterflik' oor,
Dit sal wonderlik wees, dit is gewis!
En God se Eie Seun, sal die Leidsman wees
By die ontmoeting in die lug.

Hou julle nie daarvan nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, goeiste!

Jy't gehoor van kleine Moses in die riete,
En jy't het gehoor van dapper Dawid's slingervel;
Jy't gehoor die storie van die dromer Josef,
En van Daniël en die leeus word steeds vertel.
O, daar's baie, baie ander in die Bybel,
En ek moet sê ek wil hul graag ontmoet!
Binnekort sal die Heer ons aan hul voorstel
By die ontmoeting in die lug.

En, o, wel, daar gaan 'n ontmoeting in die lug wees,
Soet', soet' hiernamaals;
Gaan julle daar, julle Daar oorkant groet
In die Tuiste in die lug;
Sulke sang sal julle hoor, nog nooit gehoor deur sterflik' oor,
Sal wonderlik wees, dit is gewis!
En God se Eie Seun, sal die Leidsman wees
By die ontmoeting in die lug.

218 Goeiste! Ek wil net Daar wees. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel sê: "Deur God se genade wil ek Daar wees. Deur U genade"? ["Amen."] Prys die Here.

Goed, Broer Neville.

Voorspoedige nuwe jaar, aan julle almal. God seën julle!

Ewige Lewe En Hoe Om Dit Te Ontvang AFR54-1231
(Everlasting Life And How To Receive It)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Oujaarsnag, Vrydagaand, 31 Desember 1954, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org